Landbouweekblad - 28 September 2018

BEMAGTIGING

# RAMPROJEK KRY EINDELIK SY GELD

**KOMMUNALE** wolboere in die Oos-Kaap sal weer toegang kry tot ramme vir die verbetering van hul kuddes nadat die Tesourie ingestem het om weer vanjaar die projek te finansier.

Volgens mnr. Leon de Beer, hoofbestuurder van die Nasionale Wolkwekersvereniging (NWKV), kon die direkteur-generaal en ander senior amptenare van die Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming en die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye die Tesourie oorreed om in die huidige boekjaar geld te bewillig.

"Omdat die tyd ons ingehaal het om met die huidige tenderproses voort te gaan, het die twee departemente die Tesourie oortuig om die projek vir nog minstens een siklus te finansier, aangesien die ramme reeds in 2016 gebore is en so 'n projek nie op kort kennisgewing kortgeknip kan word nie."

Hy sê die NWKV sal weer 'n tenderaansoek vir die volgende drie jaar moet indien. Die tender is op 31 Augustus aangekondig, en die sluitingsdatum is 1 Oktober. Hy sê hy hoop hulle hoor hierdie keer betyds of die projek sal kan voortgaan.

De Beer sê egter hy is namens die NWKV en die begunstigdes dankbaar dat die projek wel vanjaar sal kan voortgaan.

## NOG NIE TE LAAT

Kommunale boere sal toegang kry tot die ramme wat gebruik word om hul kuddes te verbeter sodra die NWKV 'n diensvlakooreenkoms met die Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming onderteken het.

'n Vergadering tussen al die belanghebbendes word op 27 September gehou.

De Beer sê hoewel dit ideaal is om die ramme in Februarie of Maart by die ooie te plaas, is daar egter nog tyd, aangesien ooie in die kommunale gebiede nou op hitte kom omdat die omgewingstoestande in die lente verbeter.

## TENDERPROSES

Daar is vroeër vanjaar gevrees dat die toekoms van die projek in die gedrang is nadat die staat reeds sedert Desember 2015 sloer om die NWKV se aansoek om finansiering goed te keer.

Deur middel van die NWKV se genetiese veeverbeteringsprojek en die wolontwikkelingsprogram, oftewel die ramprojek, word 3 000 ramme wat spesiaal deur ramtelers geteel word, jaarliks onder kommunale boere versprei. Die staat dra R12 miljoen tot die projek by.

De Beer sê die oponthoud is veroorsaak omdat daar nou 'n tenderproses ingestel is om almal wat soortgelyke dienste kan lewer, die kans te gee om aansoek te doen om aan die proses deel te neem.

– FREDALETTE UYS



Mnr. Leon de Beer FOTO: LBW-ARGIEF



Kommunale wolskaapboere in die Oos-Kaap vind groot baat by die NWKV se teelprojek, maar 'n gebrek aan staatsfinansiering het die projek vanjaar byna tot stilstand gedwing. FOTO: FREDALETTE UYS